Sing vooraf staande: Psalm 119:10 (p. 588)

10 Weer my voet van leuenpaaie / en verleen my, HEER, u wet,
my wat kies die weg van waarheid / en wat U verorden het.
Gee my hoop, en ek sal lewe, / troos, en weg is my gekwel!
Gaan met weldaad voor, dan volg ek, / dan betrag ek u bevel.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 71:13, 14 (p. 356)

13 U het my baie teëspoede / laat sien; maar U sal my / weer van die dood bevry,
my ophaal uit die watervloede. / My grootheid – maak dit meer, / En troos U my, o HEER!

14 Ek sing 'n lofsang by my snare, / 'n lied van troos en trou / waarin 'k u lof ontvou,
o Heilige by Isr'els skare! / Ek roep, tot vreug herbore: / "Verlos, en nie verlore!"

Gebed

- ***Doksologie:***
- ***Aanbidding:***
- ***Skuldbelydenis:***
- ***Vergifnis:***
- ***Dank:***
- ***Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:***
- ***Algemene bede:***
- ***Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:***

Amen.

Psalm 4:1 (p. 14)

1 Verhoor my, HEER, in donker dae, / God van my reg, send troos vir my!
U wat my voer uit hinderlae, / hoor my uit vrye welbehae.
O manne wat my nou bestry, / hoe lank nog word in teënhede
my eer in skande omgekeer? / Hoe lank is jul met nietighede,
met ydelheid en wind tevrede? / Word leuentaal deur jul begeer?

Skriflesing: Psalm 73

Teks: Psalm 73; Kategismus Sondag 1

Daar kan sekerlik nie 'n meer eensame oomblik vir enige mens wees as daardie oomblik wanneer hy/sy en met sy sondes alleen voor God staan nie.

- Daar in God se ewige raadsaal.
- Voor sy aangesig om geoordeel te word.
- Daar waar net God en die waarheid oor ons sal beslis.

Ons vrees om te sterf kom van daardie oomblik af.

- Ons weet nie hoe ons daardie oomblik van vrees en waarheid gaan hanteer nie, maar ons besef goed dat ons lewe en al ons sondes dan 'n groot verskrikking gaan wees.
- Ons vrees ook die dood omdat ons weet dat niemand daardie oordeelsoomblik op op sterkte van sy eie verdienste vrygespreek sal kan word nie.

Teen hierdie agtergrond gesien, het elkeen van ons 'n geweldige dringende behoefte aan die troos om te weet dat ons daardie oomblik kan oorleef.

- Dit is presies wat ons kry in Kategismus Sondag 1.

- Hierdie stuk van ons geloofsbelydenis is bloot ’n opsomming van al die feite in die Bybel waardeur ons verseker word dat ons in alle aanvegtinge deur lewe en dood bewaar, versorg en gedra word deur die Drie-Enige God – ook in die oordeelsoomblik.

Die barmhartigheid van God is altyd oor ons – want Hy het ons uitverkies. Die genade van die Here Jesus Christus verlaat ons nooit nie – Christus het gesterf vir die mense wat sy Vader uitverkies het. Die gemeenskap van die Heilige Gees is altyd by en met ons – God sê ons altyd voor om die goeie te doen en die kwaad te laat staan, terwyl Hy ons ook verseker dat ons aan God behoort.

Van hierdie waarheid het ons ’n baie kort opsomming in Efesiërs 1:7-9:

> **In Hom het ons die verlossing deur sy bloed, die vergifnis van die misdade na die rykdom van sy genade, wat Hy oorvloedig aan ons bewys het in alle wysheid en verstand, deurdat Hy aan ons die verborgenheid van sy wil bekend gemaak het na sy welbehae wat Hy in Homself voorgeneem het,** (Efesiërs 1:7-9 AFR1953)

Ons hoor in hierdie vers ’n belangrike saak:

- God het vir ons genade!
- Ons wat Christene is, het dan juis die versekering dat die Here alle pynlikhede en vernedering en stukkendhede wat ons op aarde gehad het as gevolg van die sonde, gaan wegneem.
- Ons kry die troos dat die straf van God wat ons behoort te tref oor al ons sondes en ongeregtighede, ons nie sal oorkom nie.
- Ons word geleer dat die Here ons nie net in die hiernamaals so sal versorg nie, maar dat die Here ons selfs in hierdie lewe al tegemoet kom teen alles wat verkeerd is wanneer ons daarvoor bid.

Op aarde leef ons onder groot druk.

- Ons is onderworpe aan werkspanning.
- Aan gesinspanning wat veroorsaak word deur ’n groot verskeidenheid faktore.
- Ons staan onder die druk van sosiale spanning, ekonomiese spanning en politieke spanning.
- Die duiwel gebruik elke moontlike terrein om ons onder geloofspanning te plaas, om ons te laat ondergaan – as die Here hom nie keer nie en hy sy sin sou kry.

Daarom moet ons iets hê om aan vas te hou dat ons ons geloof kan behou – iets wat die Here vir ons gee.

In hierdie ontwikkelde tyd kom die Here steeds na ons toe, en leer ons dat ons in geen opsig hoef bang te wees nie.

- Hy gee ’n nuwe inhoud aan ons lewe!
- Onder alle lewensomstandighede behoort ons aan Hom.
- Ons hoef nooit te vrees dat die kwaad ons sonder die Here se wil sal skade aandoen nie.

Ons behoort op ’n baie besondere wyse aan die Here. Jesus Christus is aan die woord in Johannes 10:14-16:

> **Ek is die goeie herder, en Ek ken my eie en word deur my eie geken. Net soos die Vader My ken, ken Ek ook die Vader; en Ek lê my lewe af vir die skape. Ek het nog ander skape wat nie aan hierdie stal behoort nie. Ek moet hulle ook lei, en hulle sal na my stem luister, en dit sal wees een kudde, een herder.** (Johannes 10:14-16 AFR1953)

Of as u dit uit die Ou Testament wil hoor (dit staan op ’n paar plekke in die Ou Testament):

Maar nou, so sê die HERE, jou Skepper, o Jakob, en jou Formeerder, o Israel: Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne!
(Jesaja 43:1 AFR1953)

Ek behoort persoonlik aan die HERE, want Hy ken selfs my naam!

- Daarom kan geen krisis my skade aandoen nie.
- Die Here Jesus Christus ken my en het vir my gesterf sodat geen druk of spanning my sal kan breek nie.
- En die belangrikste: Niks kan my verlossing van my af wegneem nie – ek gaan deur die dood na God toe.

Daarom is God die Heilige Gees saam met my.

- Omdat God my ken, laat Hy sy Gees my lei en ook troos.
- Hy gee my die insig om te weet wat ek moet doen om reg te lewe, en ook die insig dat ek nie moet ondergaan in my vrese nie omdat ek moet weet dat ek aan God behoort.
- God se troos is dat Hy my versorg in letterlik alles: geldsake, werkspanning, ouderdom, siekte en die dood.
- Op elke terrein word die goeie aan my geskenk deur die genade van Jesus Christus.

Ons behoort elkeen te begeer om ’n deelgenoot van hierdie troos te wees.

- Ons het dit werklik nodig.
- As die spanning van ons oordeelsoomblik net weggeneem kan word, sal dit ook al help om ons daaglikse lewensvrese te verlig.

Daarom verkondig die Here hierdie genade en troos aan ons.

- Dit is in ons belang om te weet dat ons uitverkorenes is en werklik deel in hierdie troos van die evangelie van Jesus Christus.
- Ons kan die genade alleen waardeer as dit aan ons verkondig word, want van nature ken ons nie hierdie troos nie – soos Job bely het: Die wysheid en die verstand is by God alleen!

Geen mens kan met sy eie verstand by hierdie troos uitkom nie, want daar staan in Romeine 3:23 dat alle mense gesondig het, en dat dit hulle ontbreek aan die heerlikheid van God.

- As God dus nie hierdie troos aan ons openbaar nie, sal ons soos Paulus moet uitroep:
  Ek, ellendige mens, wie sal my verlos van die liggaam van hierdie dood!
  (Romeine 7:24 AFR1953)).

Iemand wat oordeel dat hyself iets beteken, of dalk sonder hierdie troos van die Here kan lewe, is werklik die ellendigste van alle mense.

- Dit was mos so met die gemeente van Laodicea.
- Hulle het gesê: **Ek is ryk en het verryk geword en het aan niks gebrek nie!**
- Toe sê die Here: **En jy weet nie dat dit jy is wat ellendig en beklaenswaardig en arm en blind en naak is nie!** (Openbaring 3:17 AFR1953).

Dit bring ons terug by die begin van die preek.

- Ons lewenstryd gaan dus oor lewe en dood.
- Ons grootste bekommernis is ten diepste die oomblik wanneer ons voor God gaan staan: Wat gaan dan met my gebeur?

Die dood is vir ons die pad na God se oordeel toe.

- Dit is ook seker waar, want die dood is aanvanklik gegee as straf op ons sondes.
- Maar ons het ook dieselfde troos as wat Dawid gehad het in Psalm 40:18:

> **Al is ek ellendig en behoeftig – die HERE dink aan my! U is my hulp en my redder.** (Psalm 40:18 AFR1953)

Of Romeine 3:24

> **… en hulle word deur sy genade sonder verdienste geregverdig deur die verlossing wat in Christus Jesus is.** (Romeine 3:24 AFR1953)

Die dood is dus vir ons eintlik die pad na God se ewige koninkryk en die ewige lewe toe.

Dit bring ons ten slotte by die vraag: Hoe weet ek dat ek deel het aan hierdie troos?

- Die feit is dat ons dit moet glo. Dis al.
- Uit die geloof sal ook ons volharding in die goeie gebore word.
- Ons is uitverkorenes, maar dit alleen beteken niks as ons verantwoordelike lewensoptrede nie die feit beseël nie.

Jou lewensoptrede gaan bepaal word deur wat jy van jouself weet.

- Hoe groot is jou sondes en jou ellendes?
- Jy moet eers werklik besef hoe nodig jy God se troos het.
- Wanneer jy jou ellendes besef, dan kan jy weet dat jy ’n deelgenoot in God se genade is.

’n Eiesinnige en verwaande mens glo mos nie dat hy gebreke het nie. Hy leef ook so dat dit duidelik is dat hy nie werklik oortuig is dat hy God se hulp nodig het nie.

Hoe groot is ons sondes? Daaroor sal ons lank kan praat, en nog nie klaar vertel het hoe groot dit is nie.

- Maar ons kan daarvan verlos word.
- En daar lê die klem: Ons kan nie net verlos word nie – ons **word inderdaad verlos!**

Nou word ons verbind aan die verantwoordelikheid om te openbaar dat ons deel het aan hierdie verlossing.

Ons moet so lewe dat almal kan sien dat die Heilige Gees ons regeer.

- Daarom moet ons hele lewe ’n dankbaarheidslewe wees.
- Met hierdie troos staan ons in God se voorhof.
- Want met hierdie troos is ons reeds geoordeel en vrygespreek in die verdienste van die Here Jesus Christus.
- ***Let wel:*** *Nie onskuldig bevind nie – ons bly sondaars, maar ons het ’n nuwe lewe in Christus en daarom kan God ons in sy Naam skuldvry verklaar.*

Kom ons lees saam wat ons belydenis van hierdie dinge leer in die Heidelbergse Kategismus Sondag 1:

> ***Vraag 1: Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?***
>
> ***Antwoord:*** *Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe (a), nie aan myself nie (b), maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus, behoort (c). Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal (d) en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos (e). Hy bewaar (f) my op so ’n wyse dat, sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie (g). Alles moet inderdaad tot my saligheid dien (h). Daarom verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe (i) en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe (j).*
>
> ***Vraag 2: Hoeveel dinge moet jy weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe?***

Antwoord: *Drie dinge (a): Ten eerste, hoe groot my sonde en ellende is (b); ten tweede, hoe ek van al my sonde en ellende verlos word (c) en ten derde hoe ek God vir so 'n verlossing dankbaar moet wees (d).*

Amen.

Slotgebed

Slotpsalm 145:1, 10 (p. 696)

1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlikheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.

10 Die Heer is reg in al sy weg en werk, / sy goedheid ken, die wêreld deur, geen perk.
Hy is naby die siel wat tot Hom sug, / Hy troos die hart wat skreiend tot Hom vlug.

Bevestig ampsdraers: Psalm 134:4 (p. 653)

4 Laat, HEER, u seën op hul daal, / u guns uit Sion hul bestraal!
U wat beveel en – dit geskied, / wil, HEER, u seen oor hul gebied!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 27 Februarie 2011

Tekste by Vraag 1:

(a)
Rom 14:8 Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here; of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.
(b)
I Kor 6:19 Of weet julle nie dat julle liggaam 'n tempel is van die Heilige Gees wat in julle is, wat julle van God het, en dat julle nie aan julself behoort nie?

(c)
I Kor 3:23 maar julle behoort aan Christus, en Christus aan God.
Tit 2:14 wat Homself vir ons gegee het om ons te verlos van alle ongeregtigheid en vir Homself 'n volk as sy eiendom te reinig, ywerig in goeie werke.
(d)
I Petr 1:18, 19 omdat julle weet dat julle nie deur verganklike dinge, silwer of goud, losgekoop is uit julle ydele lewenswandel wat deur die vaders oorgelewer is nie, maar deur die kosbare bloed van Christus, soos van 'n lam sonder gebrek en vlekkeloos,

I Joh 1:7 Maar as ons in die lig wandel soos Hy in die lig is, dan het ons gemeenskap met mekaar; en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde.
I Joh 2:2 En Hy is 'n versoening vir ons sondes, en nie alleen vir ons s'n nie, maar ook vir dié van die hele wêreld.
I Joh 2:12 Ek skryf aan julle, my kinders, omdat die sondes julle vergewe is om sy Naam ontwil.
(e)
Hebr 2:14 Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het dit is die duiwel
I Joh 3:8 Hy wat die sonde doen, is uit die duiwel, want die duiwel sondig van die begin af. Vir hierdie doel het die Seun van God verskyn, om die werke van die duiwel te verbreek.
Joh 8:3436 Jesus antwoord hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle dat elkeen wat die sonde doen, 'n dienskneg van die sonde is. En die dienskneg bly nie vir altyd in die huis nie; die seun bly vir altyd. As die Seun julle dan Vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees.
(f)
Joh 6:39 En dit is die wil van die Vader wat My gestuur het, dat al wat Hy My gegee het, Ek daarvan nie sal verloor nie, maar dit opwek in die laaste dag.
Joh 10:28 En Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal nooit verlore gaan tot in ewigheid nie, en niemand sal hulle uit my hand ruk nie.
II Thess 3:3 Maar die Here is getrou; Hy sal julle versterk en bewaar van die Bose.
I Petr 1:5 wat in die krag van God bewaar word deur die geloof tot die saligheid wat gereed is om geopenbaar te word in die laaste tyd.
(g)
Matt 10:30 En van julle is selfs die hare van die hoof almal getel.
Luk 21:18 En geen haar van julle hoof sal ooit verlore gaan nie.
(h)
Rom 8:28 En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.
(i)
II Kor 1:22 wat ons ook verseël het en die Gees as onderpand in ons harte gegee het.
II Kor 5:5 Maar Hy wat ons juis hiervoor toeberei het, is God, wat ons ook die Gees as onderpand gegee het.
Ef 1:14 (die Heilige Gees van die belofte ...) wat die onderpand is van ons erfdeel om sy eiendom te verlos tot lof van sy heerlikheid.
Rom 8:16 Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is;
(j)
Rom 8:14 Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.
I Joh 3:3 En elkeen wat hierdie hoop op Hom het, reinig homself soos Hy rein is.

Tekste by vraag 2:

(a)
Matt 11:2830 Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; want my juk is sag en my las is lig.
Ef 5:8 Want vroeër was julle duisternis, maar nou is julle lig in die Here wandel soos kinders van die lig.
(b)
Joh 9:41 Jesus antwoord hulle: As julle blind was, sou julle geen sonde hê nie; maar nou sê julle: Ons sien! Daarom bly julle sonde.
Matt 9:12 Maar toe Jesus dit hoor, sê Hy vir hulle: Die wat gesond is, het die geneesheer nie nodig nie, maar die wat ongesteld is.
Rom 3:10 soos geskrywe is: Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie.
I Joh 1:9, 10 As ons ons sondes bely, Hy is getrou en regverdig om ons die sondes te vergewe en ons van alle ongeregtigheid te reinig. As ons sê dat ons nie gesondig het nie, dan maak ons Hom tot 'n leuenaar en is sy woord nie in ons nie.
(c)
Joh 17:3 En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het.
Hand 4:12 En die saligheid is in niemand anders nie, want daar is ook geen ander naam onder die hemel wat onder die mense gegee is, waardeur ons gered moet word nie.
Hand 10:43 Aangaande Hom getuig al die profete dat elkeen wat in Hom glo, vergifnis van sondes deur sy Naam ontvang.
(d)
Ef 5:10 En beproef wat die Here welbehaaglik is;
Ps 50:14 Offer dank aan God, en betaal jou geloftes aan die Allerhoogste;
Matt 5:16 Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.
I Petr 2:12 en hou julle lewenswandel onder die heidene skoon, sodat as hulle van julle kwaad spreek soos van kwaaddoeners, hulle op grond van die goeie werke wat hulle aanskou, God kan verheerlik in die dag van besoeking.
Rom 6:13 En moenie julle lede stel tot beskikking van die sonde as werktuie van ongeregtigheid nie, maar stel julleself tot beskikking van God as mense wat uit die dode lewend geword het, en julle lede as werktuie van geregtigheid in die diens van God.
II Tim 2:15 Lê jou daarop toe om jou beproef voor God te stel as 'n werker wat hom nie hoef te skaam nie, wat die woord van die waarheid reg sny.